Ps. 68: 9
Ges. 17: 1,6
Ges. 159: 4

Ps 33: 1,3
Ps 25: 2,5
Ges. 61: 1,2,4

**Meer Geloof!**

Luk. 17:1-10

Feesrede A.K.K.-Jaarfees
Langlaagte 30 Aug. 1959.

Potch 30 Aug 1959

Luk. 17: 5 — Toe het die apostels a.d. Here gesê: Gee ons meer geloof. En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mostertsaad sou julle ...

Dis vir my 'n besondere voorreg om hier die 57ste verjaardagviering van die Abr. Kriel Kinderhuis by te woon en hier te mag optree om die boodskap te bring. Aan die Bestuur my opregte dank vir die geleentheid wat u my gebied het — veral ook waar ek vir 4 jaar as lid v.d. Hoofbestuur kon optree en langs dié weg die wel en die wee v.d. Kinderhuis ook ons eie wel en wee geword het.

In die paar jaar wat verby is, het ons kinderhuis 'n paar ernstige krisistye beleef, waarin ons geloof soms tot die uiterste getoets is — en soms gedreig het om te wankel. Ja, dit was jare waarin ons ook soms uitgeroep het soos die dissipels: <u>Gee ons meer geloof!</u> En dan, onwillekeurig, het ons gedagtes teruggegaan na Oupa Kriel en sy onwankelbare, moedige, vaste geloof — en kon ons met die beskaming uitroep: „<u>Ek glo, Here!</u> <u>Kom u my ongeloof te hulp!</u>"

I. Die <u>Versoek om Meer Geloof</u>: Die versoek aan die H. Jesus dat hy hulle geloof moet vermeerder was eintlik uitgelok deur die twee dinge waarna Xtus verwys het nl. die struikelblokke wat een mens vir 'n ander in die pad lê, en d. noodsd. van vergifnis vir hulle wat teen

ons sondig. In die eerste geval het Jesus opgetree in belang van die veragtes en eenvoudiges op wie die Fariseërs neergesien het. Hy het geken dat daar struikelblokke sal kom – nl. Hy waarsku in d. ernstigste taal teen hulle wat d. oorsaak daarvan is.

(Die wd. struikelblokke hier: die houtjie van d. muisval waarop d. aas vasgemaak is. = die lokaas wat gestel word om mense te vang.). Geld dus ook vir elkeen wat 'n kind se weg na God bemoeilik.

Die tweede aanleiding tot d. versoek v.d. dissipels was Jesus se eis om vergifnis teenoor elkeen wat dit van ons kom vra – al sou hy dit 7 maal kom doen.

En nou, kom die vr. uit d. hart v.d. diss. voort: Hoe op aarde is dit moontlik? Hoe kan ons ooit by hierdie eis v.d. Meester kom? Ons wat elke dag 'n struikelblok vir ander is – ons wat elke dag meer as 'n ander te vergewe! Ag Here, gee ons meer geloof!

Hd. woorde v.d. dissipels bewys dat hulle ten minste geglo het dat hulle darem 'n bietjie geloof het – daarom vra hulle: Gee ons meer geloof – ons het 'n bietjie, maar dis nie genoeg nie!

Die wonderlike is dat hulle nie vra: „Gee ons meer liefde" nie"; maar: meer geloof!



II Die Antwoord v.d. Meester:

As antwoord kry d. dissipels 'n woord so raaiselagtig, so duister en deurmekaar, dat 'n mens geneig is om te vra: Maar Here, wat bedoel u nou? Waarheen mik u nou? „As julle geloof het soos 'n mosterdsaad sou julle vir hd. moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant – en hy sou julle gehoorsaam wees."

Nou moet ons onthou hoe klein en nietig 'n mosterdsaad is – byna onsigbaar vir d. menslike oog. En daarmee wil Xtus vir sy dissipels laat verstaan: Dis nie 'n kwessie van meer of minder geloof. Het van baie of bietjie nie. Die vraag is: julle geloof? Want as dit ware geloof is, is dit soos d. mosterdsaad: nietig en klein, nm. daarbinne dra dit d. wonder van lewe wat ontkiem en vrug dra! En dis dd. lewe wat al d. verskil maak tussen 'n sandkorrel en 'n mosterdsaad.

Daarmee sê Jesus aan sy dissipels: Wat julle nodig het is nie meer geloof nie, nm. die ware geloof – dié geloof wat (hoe klein ook al), lewe en ontkiem en groei en groot word! As dit ware geloof is, sal dit iets groots bewerk!

(Marmersteen op graf v. Italianer: As daar opstanding is, ek sal opstaan! Veil moet akker – ).

Dis d. mense van geloof: as jy dit nodig het vir jou arbeid in Gods Koninkryk sal God gee alles wat nodig is!

→ A.K.K. as sprekende bewys: 'n mosterd-saad hier geplant - hoeveel vrugte sien die hart v.d. see! Hier het ons oor 57 jaar aanskou hoedat d. onmoontlike moontlik geword het! Hier het vader Kriel ons leer verstaan wat dit is om d. aand sonder kos (vir d. volg. dag) te gaan slaap wetende d. môre sal dit daar wees!

II <u>Die uitdaging vir d. Toekoms:</u> Die mens is nou eenmaal so: ons wil alles vir d. toekoms bepaal, vasstel - ons wil seker maak dat alles kom soos ons dit verlang. Wil seker maak: genoeg geld & grond, genoeg sekuriteit - glo ons Sinodale reserwefondse, glo ons punte-aanslag van gemeentes, glo ons vaste bronne van inkomste (plase AKK). Al hd. dinge is goed & nodig vir sover dit gaan, maar d. oomblik wat ons d. element v.d. lewende geloof uitsluit neem, word al hd. skemas & dinge 'n vloek!



Die v. het d. afgelope jare kom op keer na my gekom: moet d. kerk nie meer leer om <u>baie meer</u> <u>in & deur d. geloof te leef nie?</u>

Ons uitbreiding, ons groot sending-behoeftes, ons gemeentes se inkomste & ons Sinodale verpligtinge: loop ons nie baie groot gevaar om d. geloof uit te laat verdwyn as alles volgens kwotas (elke gemeente) en aanslae gaan nie? As al ons kerk se werksaamhede op d. basis van 'n geloofs-vertroue staan besef ons nie vooraf wat ons gaan kry nie, sal ons nie as kerk, as lidmate, as predikante baie meer bid & glo nie? Sien ons nog kans om i/d geloof d. onmoontlike aan te durf, d. rots te laat kraak, as ons oortuig is God wil dit! Of het d. wonder van 'n kragtige lewende geloof verdwyn?